# 435. IS DIE TOEKOMS BLINK OF DUISTER

**G**
1. Is die toekoms blink of duister –
**C D G**
veilig is ek aan U hand;
**G**
moedig loop ek, met U kinders,
**C G D G**
deur die onbekende land.
**Em B**
Leer my volhou al my dae -
**G C D**
Yahweh, wat U doen is goed!
**G**
Dwarsdeur mooi of donker dae
**C G D G**
gee U kalmte van gemoed.

**G**
2. Van U reg en troue liefde
**C D G**
sing ek waar ek ook al gaan.
**G**
Yahweh, dankie vir bewaring
**C G D G**
ver bo wat ek kan verstaan.
**Em B**
Is my lewenspad soms duister,
**G C D**
hoekom dan nog vra: “Waarom?”
**G**
Met die aanhou loop en luister
**C G D G**
sal daar wel ‘n antwoord kom.

**G**
3. Laat ek nooit my lot beslis nie
**C D G**
al is ek daartoe in staat.
**G**
Hoe sou ek my nie misgis nie
**C G D G**
as U my die keuse laat.
**Em B**
Wil my soos ‘n kind behandel,
**G C D**
self kan ek my weg nie vind.
**G**
Hou my in U Vaderhande –
**C G D G**
daar’s die toekoms van U kind.